

2009

# GEBIEDSBEPLANNING BOKKEVELD PLATO












**FOOTPRINT ENVIRONMENTAL SERVICES**

Nieuwoudtville Landbou Vereeniging,

Botaniese Vereeniging &

Department Toerisme, Omgewing en Bewaring

# Gebiedsbeplaning Bokdeveldt Plato

# Project Summary:

Die Bokkeveld Plato is in die Noord Kaap, ongeveer 350 noord-oos van Kaapstad geleë. Die gebied word as die juweel van die Hantam beskou weens die ryk geskiedenis, matige klimaat, blommeprag en 'n verskeidenheid plante, veral die 309 geofiete spesies wat hier voorkom.

Die Plato is ook een van die vernaamste rooibos produserende streke in Suid Afrika en van die beste kwaliteit Rooibostee word hier geproduseer. Die steeds stygende vraag na rooibos het veroorsaak dat beduidende areas van dié Biodiversiteit brandpunt getransformeer is. Daar bestaan groot onduidelikhede en ook konflik tussen grondeienaars en omgewingsbewaarders oor die huidige en toekomstige benutting van hulpbronne op die Plato.

Die 15 ekosisteme op die plato word gedryf deur die verskillende gronde wat hier voorkom. Afdeling A fokus op die studiegebied en beskryf natuurlike kenmerke, die ryk biodiversiteit, huidige grondgebruike en fokus op verskeie beplanningsdokumente wat al vir die gebied saamgestel is. Dit sluit in die Cape Fynskaal Plan, die Hantam Sektor Plan wat Kritiese Biodiversiteit Areas (KBA) identifiseer en bespreek, terwyl die Geïntegreerde Permit Sisteem poog om ontwikkelingsaansoeke meer effektief te hanteer. Die interafhanklikheid van KBA en beplande verdere ontwikkeling word bespreek aan hand van riglyne wat besluitneming op grondvlak moet lei en ondersteun. Volhoubare grondgebruik patrone in die toekoms sal beïnvloed word deur hoe effektief KBA ingesluit word in besluitneming oor hulpbron- ontwikkeling en bestuur.

Die konsep, voordele, beplanning en implementering proses van Gebiedsbeplanning word in Afdeling B en C bespreek. Gebiedsbeplanning is 'n omvattende probleem oplossingproses wat fokus om sosiale, ekonomiese en ekologiese vraagstukke te integreer en strewe daarna om die omgewingstoestand te verbeter en om 'n volhoubare toekoms vir almal te verseker. 'n Vraelys, databasis, sleutel en Spot 5 Satelliet 2007 beelde en GIS Kaarte is gebruik as hulpmiddels tydens die 55 plaasbesoeke.

Departemente, Plaaslike owerhede en die Nieuwoudtville Landbou vereniging moet sekere dienste volgens hul onderskeie mandate aan grondeienaars verskaf. Afdeling F bespreek voorstelle wat die rolspelers kan implementeer om dienslewering en verantwoordelikhede te verbeter.

In die huidige ekonomiese toestande kan daar van niemand verwag word om al die aanbevelings in die verslag te implementeer nie en gevolglik word tien prioriteite vir implementering bespreek in Afdeling G. Dit wissel om samewerking tussen Departement te verbeter tot aspekte soos die implementering van die Geïntegreerde Permit Sisteem.

# Client:

Nieuwoudtville Landbou Vereeniging, Botaniese Vereeniging & Department Toerisme, Omgewing en Bewaring